# SONDAGSKOOL LES: Jesus ons Vredemaker

**Doel van les:**

- Hierdie week leer ons dat deur Jesus kan ons 'n vredevolle verhouding met God hê wat ons nie andersins kon nie.

**Ysbreker:**

- **Die Oorlog van Appearna:** Deel die groot groep in 4 kleiner groepe. Gee vir twee groepe die A uitdeelstuk en vir twee groepe die B uitdeelstuk. Sê vir die groepe hulle het 5 minute om die stuk te lees en met planne vorendag te kom. Bring dan al die groepe bymekaar en laat die A groepe vertel watter planne hulle gemaak het. Laat die B groepe sê wat hulle nie van hou van die planne nie. Laat die B groepe nou hulle planne verduidelik en die A groepe vertel waarvan hulle nie hou nie.

**Vra:**

- Wat is die probleem met albei die kante se planne? (Hulle maak mense seer; dit maak nie almal gelukkig nie.)
- Dink julle daar is 'n manier dat almal gelukkig kan wees? (Nee, iemand moet verloor.)

**Sê:** Ek dink ons mis iets. Kom ons lees die instruksies weer. Lees hardop altwee kante se instruksies. Ek dink ek het 'n oplossing. Kom ons kyk wat julle van dit dink. Land A wil die Appearna vrugte hê vir die sade. Land B wil die vrugte hê vir alles behalwe die sade. Land A moet werkers na Land B toe stuur om die sade uit die vrugte te sny. Dan kan Land B vir Land A toelaat om die sade verniet te vat om medisyne van te maak en Land B sal die vrugte hê om vir hulle diere te kan voer.

**Sê:** Albei lande wou dieselfde ding gehad het, maar iemand anders moes 'n oplossing verskaf wat albei gelukkig maak.

**Vrae in groepe:**

1. Hoe het dit gevoel om 'n oplossing te kon kry wat albei partye gelukkig maak?
2. Hoe was die regte oplossing soos wat Jesus vir ons gedoen het aan die kruis? (God wou vrede met ons hê en ons wil ook vrede met God hê, maar niemand behalwe Jesus kon die oplossing wees nie.)

**Sê:** Deur Jesus kan ons 'n vredevolle verhouding met God hê wat ons nie enigsins op enige ander manier kan hê nie. Hy was die perfekte offer omdat Hy sonder sonde is. Ons as mens sou nooit kon voldoen aan God se vereistes nie.

**Groepwerk:**

**Iemand by die skool sê hulle glo glad nie in God of in 'n hemel of hel nie.  Tog begin hy deesdae vir jou baie vrae oor Jesus te vra.  Gebruik Kolossense 1:15-20 om 'n beskrywing van wie Jesus is en wat Hy gedoen het neer te pen.  Skryf dan een sin neer wat vir jou vriend vertel hoekom jy in Jesus glo.**

Kry terugvoering.

- As 'n persoon wat jy ken vandag vir jou iets doen om jou te red van 'n gewisse dood en hom/haarself beseer terwyl hy/sy dit doen, hoe sal jy teenoor daardie persoon optree? (Jy sal dinge doen wat daardie persoon gelukkig maak.)

Jesus het so baie vir ons gedoen.  En ons behoort alles te doen wat ons kan om ons dankbaarheid aan Hom te wys.

Sluit af in groepe met gebed.

**Oorlog van Appearna**

**Land A**

Jou land het desperaat Appearna vrugte nodig. Julle het gevind dat die sade van die vrugte kan gedroog, fyngemaak en effektief gebruik word om die siekte wat julle land se vee doodmaak, te bestry. Die probleem is dat Appearna vrugte net groei in een land en dat daardie land al die Appearna vrugte wil hou vir hulle eie gebruik. Julle doel is om te dink aan 'n manier – Whatever it takes – om die appearna vrugte in julle land te kry.

**Oorlog van Appearna**

**Land B**

Julle land is die enigste land in die wêreld waar Appearna vrugte kan groei. Julle voer julle vee met die vrugte oor normale graan nie kan groei in julle land nie. Maar julle moet die sade uitsny oor dit die diere siek maak. 'n Ander land wil julle Appearna vrugte hê. Julle doel is om 'n manier uit te dink om julle vrugte te beskerm maak nie saak wat die ander land doen om die vrugte in die hande te probeer kry nie.

**Oorlog van Appearna**

**Land A**

Jou land het desperaat Appearna vrugte nodig.  Julle het gevind dat die sade van die vrugte kan gedroog, fyngemaak en effektief gebruik word om die siekte wat julle land se vee doodmaak, te bestry.  Die probleem is dat Appearna vrugte net groei in een land en dat daardie land al die Appearna vrugte wil hou vir hulle eie gebruik.  Julle doel is om te dink aan 'n manier – Whatever it takes – om die appearna vrugte in julle land te kry.

**Oorlog van Appearna**

**Land B**

Julle land is die enigste land in die wêreld waar Appearna vrugte kan groei.  Julle voer julle vee met die vrugte oor normale graan nie kan groei in julle land nie.  Maar julle moet die sade uitsny oor dit die diere siek maak.  'n Ander land wil julle Appearna vrugte hê.  Julle doel is om 'n manier uit te dink om julle vrugte te beskerm maak nie saak wat die ander land doen om die vrugte in die hande te probeer kry nie.